152/92

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

Saakno. 455/90

In die saak tussen:

PRESIDENT VERSEKERINGSMAATSKAPPY BEPERK ..... Appellant

EN

D F G BIGGS ................................. Respondent

Coram: HOEXTER, VIVIER, EKSTEEN, F H GROSSKOPF ARR *et* VAN COLLER, Wn. AR

Verhoor: 24 Augustus 1992

Gelewer: 17 September 1992

---

# U I T S P R A A K

EKSTEEN, AR :

Tussen 5 en 6 uur die middag van 29 November 1983 het daar 'n botsing in Voortrekkerweg, Pretoria plaasgevind tussen 'n groen Cortina motor wat by die appellant maatskappy verseker was en wat deur ene Lexa bestuur was, en 'n motorfiets wat deur die respondent se seun bestuur was. Die skade aan die motor was van geringe aard maar respondent se seun het vry ernstige beserings opgedoen. Gevolglik het die respondent in die Transvaalse Provinsiale Afdeling 'n aksie ingestel waarin hy skadevergoeding vir sy toe minderjarige seun geeis het, asook skadevergoeding wat hy in sy persoonlike

.... / 2

hoedanigheid gely het.

Toe die saak voor die hof a quo gekom het, het die partye ooreenkomstig Reël 33(4) ooreengekom dat die vraag van aanspreeklikheid vir sakdevergoeding afsonderlik van die bedrag beslis word, en het die hof dienooreenkomstig gelas. Na aanhoor van die getuienis het die verhoorregter in die respondent se guns bevind en gelas dat die appellant die koste verbonde aan die verrigtinge met betrekking tot aanspreeklikheid moet betaal. 'n Daaropvolgende aansoek om verlof om teen hierdie beslissing te appelleer, is deur die verhoorregter met koste van die hand gewys, maar 'n aansoek aan hierdie Hof vir verlof is met groter guns bejeën. Verlof is toegestaan om na hierdie Hof te appelleer op die meriete,

.... / 3

maar betoog is ook aangevra op die vraag of die verhoorhof se bevinding appelleerbaar is of nie. Voorts is die verhoorregter se bevel dat die appellant die koste van die aansoek aan die hof *a quo* vir verlof om te appelleer, ter syde gestel, en is daardie koste, asook die koste van die aansoek om verlof aan hierdie Hof, voorbehou vir beslissing by die aanhoor van die appèl.

Sedert verlof toegestaan is, is die vraag van appelleerbaarheid deur hierdie Hof beslis in die saak van S.A. Eagle Versekeringsmaatskappy Bpk v Harford 1992 (2) SA 786 (A) en hoef ek dus nie verder met die vraag te handel nie.

Respondent se seun ("Biggs") was 15 jaar oud ten tyde van die botsing en in standerd 7. (Dit dien

miskien gemeld te word dat die verhoor eers gedurende Mei 1990 - dws ongeveer 6 1/2 jaar na die botsing - plaasgevind het toe Biggs reeds 21 jaar oud was.) Hy het die hof vertel hoedat hy van noord na suid in Voortrekkerweg op sy "scrambler" motorfiets gery het op pad na sy ouerhuis. Voortrekkerweg het op daardie gedeelte uit vier verkeersbane bestaan, nl twee aan die oostekant van die straat waarin die noord na suid verkeer beweeg het, en twee aan die westekant van die straat waarin die suid na noord verkeer beweeg het. Biggs se ouerhuis was aan die westekant van Voortrekkerweg geleë en hy sê dat hy in die regterkantste noord-suid baan gery het en teenoor die ingang na sy ouers se huis gaan staan het met sy flikkerlig aan, in afwagting vir 'n geleentheid om

oor die twee westebane na hul huis te beweeg. Die verkeer van suid na noord was redelik druk en hy wou nie 'n kans waag om tussen die verkeer deur te vleg nie. Volgens sy getuienis het hy vir ongeveer 30 sekondes so stilgestaan in die middel van die pad met sy motorfiets se voorwiel feitlik op die wit sperstreep, toe hy van agter deur 'n voertuig raak gery is. Sy weergawe van die gebeure as sou hy in die middel van die pad gestaan het en gewag het vir die aankomende verkeer om verby te kom, word gestaaf deur die getuienis van Frederick George Mong, Mev Anna Martha du Plooy, en Mev Hester Elize Viljoen. Al drie van hulle het namens respondent getuig en het die verhoorhof vertel dat hulle op die toneel was ten tyde van die botsing en dat hulle die gebeure daar waar-

geneem het. Volgens hulle getuienis is Biggs na die botsing na sy linkerkant weggeslinger en het hy op die oostelike sypaadjie te lande gekom. Sy motorfiets het ook daar naby hom gelê.

Die getuienis van Lexa, die versekerde bestuurder, het toto caelo van dié van die respondent se getuies verskil. Volgens hom het hy ook van noord na suid in Voortrekkerweg gery. By die kruising van Voortrekkerweg en Naudestraat ten noorde van die punt van botsing moes hy by 'n verkeerslig stilhou. Hy sê dat hy in die regterbaan gery het en dat die motorfiets links van hom moes gestaan het - vermoedelik tussen die twee noord-suid bane. Nadat die verkeerslig in sy guns oor-

geslaan het, het hy voortbeweeg in Voortrekkerweg, nog steeds in die regterbaan. Die motorfiets het steeds aan sy linkerkant gery en ewe onverwags na regs geswenk en met die linker voormodderskerm van sy Cortina gebots. Die botsing het die motorfiets en sy bestuurder na links weggeslinger en hul op die oostelike sypaadjie laat beland. Hy sê dat die enigste skade aan sy motor 'n duik in sy linker voormodderskerm net bokant die voorwiel, en 'n gat van sowat 6 cm in deursnee aan die linker onderste deel van sy windskerm was. Hy kon nie met sekerheid sê wat die gat in sy windskerm veroorsaak het nie maar het vermoed dat dit deur die stuurstang van die motorfiets

veroorsaak kon gewees het.

Lexa se getuienis is in ŉ mate gestaaf deur dié van kolonel Dirk Johannes Albertus Crafford. Hy het ten tyde van die botsing van suid na noord in Voortrekkerweg gery - dws in die teenoorgestelde rigting van dié waarin Lexa en Biggs gery het - en in die heel linkerkantste baan. Hy sê dat alhoewel hy geen besondere rede gehad het om na Lexa se groen Cortina op te let nie, hy dit tog opgemerk het terwyl dit hom nader. Hy het self nie die botsing gesien nie maar slegs gesien dat iets "wegspat of wegskram" van die linkerkant van die Cortina na die oostekant toe. Terselfdetyd het hy opgemerk dat die glas aan die

linkerkant van die windskerm gebreek is. Hy sê dat hy nie die motorfiets in die middel van die pad gesien staan het nie, en dat as dit daar gestaan het moes hy dit gesien het. Sy getuienis in kruisverhoor was te dien effekte dat Voortrekkerweg nie baie besig was toe die botsing plaasgevind het nie, en dat toe hy die Cortina op 'n afstand van ongeveer 100-120 meter van hom af opgemerk het, daar geen voertuie tussen hulle was nie. Die enigste voertuie voor hom aan die westekant van die straat was reeds feitlik by die Naudestraat kruising. Hy het ook geen motors voor, langs, of agter die Cortina opgemerk nie. Hierdie waarneming is klaarblyklik in stryd, nie slegs

met die getuienis van die respondent se getuies nie, maar ook met dié van Lexa. Die verhoorregter het dan ook bevind dat Crafford hom in hierdie opsig misgis het, dat aanvaar moet word dat daar meer verkeer op die pad moes gewees het, en dat daardie verkeer bes moontlik sy uitsig op die botsing kon versper het.

Die verhoorregter was beïndruk met die geloofwaardigheid van Biggs en Mong. Alhoewel hy bedag was op sekere swakhede in Mev Viljoen se getuienis was hy nie bereid om dit sonder meer te verwerp nie. Mev du Plooy se getuienis was egter na sy oordeel so swak dat dit gevaarlik sou wees om enigsins daarop peil te trek. Lexa se

.... / 11

getuienis het hy ook as uiters onbevredigend bestempel en bevind dat dit nie, na sy mening, kon

> "opweeg teen die geloofwaardige getuies namens die Eiser dat die fiets langs die middellyn gewag het nie."

Gevolglik het hy die vraag van aanspreeklikheid ten gunste van die respondent beslis.

Soos ek reeds hierbo op gewys het, verskil die relaas van die gebeure soos deur die respondent se getuies gegee hemelsbreed van dié van die appellant se getuies. Die twee weergawes is so onversoenbaar dat aanvaarding van die appellant se weergawe onvermydelik die afleiding inhou dat al vier respondent se getuies saamgespan het om die hof doelbewus te mislei deur valslik

voor te gee dat Biggs in die middel van die straat teenaan die sperstreep gestaan en wag het toe hy deur Lexa se motor getref is. So 'n sameswering sou 'n ernstige vergryp wees teen sedelike en beskaafde waardes en 'n hof sal nie ligtelik tot so 'n gevolgtrekking kom nie (Gates v Gates 1939 AD 150 op 155; Olivier v Die Kaapse Balieraad 1972 (3) SA 485 (A) op 496 G - H, en Glaston House (Pty.) Ltd. v. Inag (Pty.) Ltd. 1977 (2) SA 846 (A) op 857 H - 858 A).

Die verhoorregter, wat die voordeel gehad het om die getuies in die getuiebank waar te neem en 'n indruk te vorm van hulle algemene houding, gedrag persoonlikheid en betroubaarheid, was veral beïndruk met Mong se getuienis, en het hoofsaaklik op sy

getuienis gesteun vir die gevolgtrekking waartoe hy geraak het. Hy beskryf hom as "ŉ indrukwekkende getuie" wat "uiters aanvaarbare en positiewe ooggetuienis" gelewer het. "Sy voordrag" sê die geleerde regter "was sonder aarseling en teen ŉ verbasende tempo. Dit het gelyk of hy ŉ heldere herinnering het en of hy hom inderdaad inleef in wat hy besig was om te verhaal". Biggs se getuienis is ook aanvaar en die verhoorregter meld dat hy "die indruk gelaat het dat hy ŉ ordentlike jong man is". Ook Mev Viljoen "het nie ŉ slegte indruk" op die verhoorregter gemaak nie, maar weens sekere swakhede in haar getuienis het hy besluit om nie te veel op haar te steun nie.

Dit is sterk geloofwaardigheidsbevindinge

van die respondent se getuies - veral ten opsigte van Mong en Biggs. Sulke bevindinge in hoofsaak gegrond op indrukke wat die getuie se algemene voorkoms, houding en persoonlikheid op die verhoorregter gelaat het. 'n Hof van appèl sal nie ligtelik met so 'n bevinding inmeng nie tensy dit duidelik blyk dat die verhoorregter homself wanvoorgelig het, of dat hy die waarskynlikhede van die saak nie behoorlik oorweeg het insoverre dit op die geloofwaardigheid van die getuie slaan nie, of dat die hof van appèl tevrede gestel is dat die verhoorregter klaarblyklik verkeerd geoordeel het (R. v. Dhlumayo and Another 1948 (2) SA 677 (A) op p 696 - 698; Wessels v. Johannesburg Municipality 1971 (1) SA 479 (A) op 482 G - H; Marine and Trade Insurance Co.

Ltd. v. Mariamah and Another 1978 (3) SA 480 (A) op 486 G en Munster Estates (Pty.) Ltd v. Killarney Hills (Pty.) Ltd. 1979 (1) SA 621 (A) op 623 F - 624 A).

By die beredenering van die appèl voor ons is geensins gesteun op enige wanvoorligting deur die verhoorregter nie. Mnr Helberg se betoog was veral daarop toegespits om sekere beweerde onwaarskynlikhede op die feite uit te lig, wat dan volgens hom die aanvaarding van die getuienis van respondent se getuies onmoontlik sou maak. In die eerste instansie het hy aangevoer dat as Biggs wel in die middel van die pad teenaan die sperstreep stilgestaan het regoor die ingang na sy ouerhuis toe hy van agter raakgery is, kon hy, op die waarskynlikhede, nie daarna op die oostelike

sypaadjie te lande gekom het waar die getuies sê dat hy gelê het nie. Tweedens voer hy aan dat waar die enigste skade aan die linker voormodderskerm was, soos deur Lexa getuig, en die gebreekte voorruit, dit onbestaanbaar is met respondent se saak dat Biggs van after getref is. Hy voer aan dat die hof moes bevind het dat die botsing veroorsaak is deur Biggs se kontak met die linker modderskerm en dat so 'n verklaring slegs vereenselwigbaar is met Lexa se getuienis, en nie met die van respondent se getuies nie.

Dit dien hier op gelet te word dat die aard en omvang van skade aan die Cortina slegs op die getuienis van Lexa berus. Hy het geen objektiewe getuienis aangebied om hierdie beweringe te staaf nie. Kol.

Crafford het wel getuig oor die gebreekte voorruit, maar meld niks van die duike aan die modderskerm, of die afwesigheid van enige skade aan die voorkant van die motor nie.

Maar selfs al sou Lexa se getuienis in dié verband sonder meer aanvaar word, dan nog meen ek nie dat dit op sigself van so 'n aard is dat dit die weergawe van getuies wat die botsing waargeneem het en wat die verhoorregter met hule eerlikheid beïndruk het, kan ontsenu nie. Die verhoorregter, voor wie hierdie betoog ook aangevoer is, het in sy uitspraak hiermee gehandel en tot die slotsom geraak dat:

> "Na my mening is dit nie onmoontlik dat die Cortina wel van agter met die motorfiets gebots het nie, miskien na dit effens oor die

> middel van die pad beweeg het," (soos wat Mong getuig het) "dat dit met die agterwiel van die motorfiets (wat 'n sogenaamde 'scrambler' was en blykbaar geen modderskerms gehad het nie) gebots het en dat dit vir Biggs en die fiets skuins oor die pad geslinger het nadat daar ook 'n kontak met die modderskerm en die ruit van die Cortina was."

Met verwysing na die uitsprake in Mapota v Santamversekeringsmaatskappy Bpk 1977 (4) SA 515 (A) op 527 G - 528 A en Motor Vehicle Assurance Fund v. Kenny 1984 (4) SA 432 (OK) op 436 E - I, het die verhoorregter bevind dat dit moeilik en gewaagd is om 'n botsing te probeer rekonstrueer bloot aan die hand van skade aan die betrokke voertuie, veral in die afwesigheid van enige deskundige getuienis in dié verband. Die sogenaamde "waarskynlikhede" deur die appellant se advokaat geopper,

was na die verhoorregter se mening onvoldoende om die getuienis van die ooggetuies wat hy as eerlik en betroubaar beskou het, te negeer; veral as 'n mens in aanmerking sou neem dat op die waarskynlikhede verwag sou word dat Biggs, wat van plan was om na regs af te draai, in die regterkantste baan langs die sperstreep sou ry, eerder as in die heel linkerkantste baan soos Lexa getuig het.

Na sorgvuldige oorweging van die betoë voor ons en na inagneming van al die omstandighede is ek nie bereid om te sê dat die verhoorregter verkeerd was in sy beskouing van die getuienis nie. Daar is kritiek wat ingebring kan word teen al die getuies wat voor die verhoorhof getuig het - ook teen die getuienis van Biggs

en Mong. Die verhoorregter was egter bewus van hierdie punte van kritiek en sy bevindinge van geloofwaardigheid is met die volle besef daarvan gemaak, en soos hierbo daarop gewys, sal hierdie Hof nie ligtelik daarmee inmeng nie. Ek is derhalwe nie tevrede gestel dat die appellant getoon het dat die verhoorhof misgetas het of dat hy klaarblyklik fouteer het deur die geskil oor nalatigheid ten gunste van die respondent uit te wys nie.

Die appèl word bygevolg van die hand gewys met koste, welke koste dié van die aansoek voor die hof _a quo_ om verlof om te appelleer, asook die koste verbonde aan die petisie aan

hierdie Hof vir sodanige verlof, sal insluit.

J.P.G. EKSTEEN, AR

| | | |
|---|---|---|
| HOEXTER, AR ) | | |
| VIVIER, AR ) | | |
| | stem saam | |
| F H GROSSKOPF, AR ) | | |
| VAN COLLER, Wn AR ) | | |